

DIE ONTSTAAN VAN PRETORIA SE EERSTE BANTOEWOON- BUURT

J. S. Bergh

Universiteit Stellenbosch

Gedurende die vorige eeu was dit 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika dat Bantoes en ander Nie-Blankes hulle in en rondom Blanke nedersettings gevestig het.¹ Pretoria was nie 'n uitsondering nie. Die Blankes in Pretoria het vanuit die staanspoor Bantoearbeiders in die hande probeer kry om in hulle arbeidsbehoefte te voorsien,² en namate Pretoria gevestig geraak en uitberei het, het die aanvraag na Bantoearbeid toegeneem. Veral die regering het 'n groot aantal Bantoes in verskillende vertakkinge van die administrasie benodig, byvoorbeeld as polisiekonstabels, in die posdiens en om die paaie in stand te hou.

Hierdie Bantoes is deur Bantoekepteins op 'n aflosbasis aan die regering voorsien. So was die Bantoekepteins in 1879 vir 'n diens-termyn van ses maande en teen 'n salaris van £1.10.0 per maand, plus kos, klere en losies in Pretoria in diens. Na die verstryking van hul diens-termyn het hulle onderskeie kaptene 'n gelyke aantal ander Bantoes in hulle plek gestuur om hulle te vervang.³

Private instansies het ook van Bantoearbeiders gebruik gemaak, byvoorbeeld by bouprojekte,⁴ die steenmakery,⁵ die steengroewe,⁶ ensovoorts. Daarbenewens het die Blanke inwoners van Pretoria heelwat Bantoebediendes aangehou.⁷ So het T. M. Tromp, wat vir 'n tydjie president T. F. Burgers se privaatskrywer was,⁸ kort na sy aankoms in Pretoria in 1876, vir homself 'n Bantoebediende gekry wat hy £1 per maand betaal het. Volgens hom was dit in daardie tyd die gangbare besoldiging vir Bantoebediendes in Pretoria. Die werkgewer het gewoonlik ook aan so 'n Bantoe voedsel verskaf.⁹

1. J. J. N. Cloete: Die Ontstaan en die Ontwikkeling van die Munisipale Bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910, p. 7.
2. J. J. Pieterse: Die Geskiedenis van Pretoria tot 1877, p. 26; S.S. 17, R1712/57; A. F. du Toit—M. W. Pretorius, 15/9/1857; S.S. 19, R1930/58; A. F. du Toit—M. W. Pretorius, 24/2/1958; S.S. 27, R2974/59; A. F. du Toit—Gouvernement Secretaris, 21/7/1859.
3. S.S. 19, R1960/58; A. F. du Toit—President, 15/3/1958; S.S. 8611, B.B. 122/60; J. H. M. Struben—A. P. van der Walt, 29/5/1860; S.S. 8615, B.B. 1769/66; H. v.d. Linden—T. Erasmus, 28/9/1866; S.S. 8616, B.B. 715/67; M. J. Viljoen—Makapan, 13/12/1967; S.S. 100, R783/68; H. Backenberg—M. W. Pretorius, 9/6/1868; Landdros Pretoria 32: W. Skinner—Andries Maubane, 12/1/1872; Landdros Pretoria 32, Landdros Pretoria—Salamba, 22/10/1874; Landdros Pretoria 34: R. Lys—Zwartbooi, 8/7/1879; Landdros Pretoria 34: R. Lys—Salamba, 8/7/1879; Landdros Pretoria 35; R. Rutherford—Maluk, 9/4/1880; S.S. 448, R3409/80; S. Melvill—Colonial Secretary, 1808/1880.
4. Landdros Pretoria 2: S. Begemann—C. Moll, 14/5/1866.
5. S.S. 179, R1945/74; H. Henshall—T. Burgers, 21/12/1874.
6. S.N. 102: H. Shepstone—Engineer Office, 19/12/1879.
7. Berliner Missionsberichte 1867, p. 61; Berliner Missionsberichte 1869, p. 115; pp. 322-326; T. M. Tromp: Herinneringen uit Zuid-Afrika, p. 167.
8. T. M. Tromp: Herinneringen uit Zuid-Afrika, p. 79.
9. T. M. Tromp: Herinneringen uit Zuid-Afrika, pp. 95-96, 167.

Op hierdie wyse het ook die Blanke inwoners van Pretoria die Suid-Afrikaanse lewenspatroon begin volg waarin Bantoearbeid onontbeerlik geword het.¹⁰ Hulle afhanklikheid van Bantoearbeid word onder andere weerspieël in die klage wat 'n ontstoke J. H. Visagie (op daardie stadium waarnemende staatsekretaris) in 1863 tot die landdros van Pretoria rig: "dat mijn vrouw niet eens iemand heeft, om een ketel water te koken, maar moet het zelf doen"(!)¹¹

Teen 1866 was daar reeds 'n groot aantal Bantoes in Pretoria en die aanduidings was dat die getalle sou toeneem.¹² Nogtans is geen voorsiening vir 'n afsonderlike woonbuurt vir die Bantoes gemaak nie en baie van hulle het tussen die Blankes op hulle werkgewers se erwe gewoon.¹³ Ander Bantoes het hulle weer by nabygeleë krale¹⁴ en plase¹⁵ gevestig.

Die ontwikkeling van 'n Bantoe woonbuurt in Pretoria is nie deur die owerheid geïniseer nie, maar wel deur die Berlynse Sendinggenootskap. Toe die Berlynse Sendinggenootskap in 1860 sy werksaamhede in die Transvaal begin het, was dit noodsaaklik om met die oog op goeie samewerking met die regering, 'n sendingstasie by die regeringsetel, Pretoria, te vestig. Daarbenewens was Pretoria vanweë sy sentrale ligging 'n goeie byeenkomplek vir die sendelinge en kon dit as afspringplek vir die verdere uitbreiding van die Genootskap se arbeidsveld dien.¹⁶

Hoewel die Berlynse Sendinggenootskap se eerste aansoek om 'n stasie by Pretoria te stig,¹⁷ op 25 Mei 1866 deur die Uitvoerende Raad afgekeur is,¹⁸ was hulle tweede aansoek van 22 Augustus 1866¹⁹ suksesvol. Verlof is aan die Genootskap toegestaan op voorwaarde dat die skriftelike toestemming van die werkgewer van elke Bantoe wat sendingonderrig wou ontvang, eers vooraf verkry word.²⁰ Ook is die onderrigtyd gedurende die week beperk tot saans tussen 8 nm. en 10 nm.²¹

10. G. D. Scholtz: 'n Swart Suid-Afrika?, pp. 23-24, 26, 35-36.
11. S.S. 8611, B.B. 134/63: J. H. Visagie—F. K. Maré, 7/4/1863.
12. S.S. 79, R842/66: A. Merensky—President en Uitvoerende Raad, 22/8/1866; Berliner Missionsberichte 1867, pp. 61, 166; Berliner Missionsberichte 1869, p. 262.
13. J. Baumbach: 'n Lewensskets van Eerwaarde Frans Motau (Pretoriana, deel 3, no. 1, September 1953, p. 2); R. Peacock: Die Geskiedenis van Pretoria, 1855-1902, p. 243.
14. Landdros Pretoria 30 II: F. K. Maré—B. G. A. D. Arnoldi, 12/11/1862; S.S. 8615, B.B. 1836: J. W. Spruyt—W. Skinner, 16/11/1866.
15. Berliner Missionsberichte 1869, p. 116; Berliner Missionsberichte 1870, p. 205.
16. Berliner Missionsberichte 1867, p. 116; Berliner Missionsberichte 1869, p. 262; Berliner Missionsberichte 1871, p. 335; J. Richter: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft 1824-1924, pp. 1-5, 17, 19-20, 174, 256, 334; J. du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, pp. 211-218, 343-349, 351-352; H. T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missions Gesellschaft IV, pp. 583, 588.
17. S.S. 76, R451a/66: A. Merensky — M. W. Pretorius en die Uitvoerende Raad, 25/4/1866.
18. U.R. 2, Uitvoerende Raadsbesluit 25/5/1866, artikel 45.
19. S.S. 79, R842/66: A. Merensky — President en Uitvoerende Raad, 22/8/1866.
20. S.S. 8616, B.B. 1713/66: M. W. Pretorius — A. Merensky, 23/8/1866.
21. Berliner Missionsberichte 1867, p. 168; H. T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, p. 589.

Die eerste Berlynse sendeling wat by Pretoria gestasioneer was, was sendeling C. Knothe.²² Hy is reeds in 1870 deur sendeling F. C. A. Grünberger vervang.²³ Kort na sy aankoms in Pretoria in Augustus 1866, het Knothe vier aaneengeslote dorpsere in Visagie- en Andriesstraat vir die Genootskap aangekoop.²⁴ Die grond was egter nie ruim genoeg vir die sendingaktiwiteite nie en gevolglik het H. T. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap, tydens sy besoek aan Pretoria in 1867, bykomende grond van die regering gevra.²⁵

Die Uitvoerende Raad het op 5 Junie 1867 besluit om 'n stuk grond "ten groote van 12 Erven gelegen aan den buitenkant van het dorp", aan die Berlynse Sendinggenootskap af te staan. Die Staatspresident is met die aanwys van die grond belas.²⁶ Teen April van die volgende jaar het hy nog nie die saak afgehandel gehad nie, want op 9 April 1868 doen sendeling Knothe weer navraag en versoek dat die grond aangewys word.²⁷ Die grond is klaarblyklik nie deur die regering aan die Genootskap geskenk nie: volgens transportakte 4766 van 1870 (in die Akteskantoor van Pretoria) is dit teen £300 deur die Genootskap aangekoop. Hierdie transportakte dui verder aan dat die grond 23 morg groot was en as "Frischgewaagd" bekend gestaan het. "Frischgewaagd" was deel van die plaas Daspoort 192 en het aan die Apiesrivier in die noorde, Boomstraat in die suide, 'n spruit in die weste en plaasgrond in die ooste gegrens.²⁸

Een van die belangrikste oorwegings by die aankoop van hierdie grond — wat later Skoolplaas genoem is — was om 'n vaste woonplek te verskaf aan die intrekkende Bantoes wat begeer het om godsdiensoonderrig te ontvang. Baie van die Bantoes wat reeds in Pretoria was, wou egter ook daarheen verhuis.²⁹ 'n Gedeelte van Skoolplaas is dus in erwe waarop Bantoes kon woon, opgedeel. Voorsiening is gemaak vir honderd egpare, elk met hulle eie huisie en tuingrond, waarvoor hulle jaarliks £1 huur moes betaal. Die grootte van die erfies het gewissel van 100 vierkant voet tot 50 vierkant voet.³⁰ 'n Ander deel van Skoolplaas het bestaan uit landbougrond wat die inwoners kon bewerk, op voorwaarde dat hulle 'n deel van die opbrengs aan die Genootskap afstaan.³¹

22. Berliner Missionsberichte 1867, p. 62.

23. Berliner Missionsberichte 1871, pp. 335, 348; H. T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, p. 596.

24. Akteskantoor Pretoria, Pretoria — erfregisterboek 662-790, erwe nos. 719-722, pp. 861-864; Berliner Missionsberichte 1867, pp.62, 69-70; Berliner Missionsberichte 1869, p. 126.

25. S.S. 87, R456/67: H. T. Wangemann — M. W. Pretorius, 29/4/1867.

26. U.R. 2, Uitvoerende Raadsbesluit 5/6/1867, artikel 4; U.R. 2, Uitvoerende Raadsbesluit 29/8/1867, artikel 4.

27. S.S. 98, R454/68: C. Knothe — M. W. Pretorius, 9/4/1868.

28. Akteskantoor Pretoria, transportakte 4766/1870.

29. Berliner Missionsberichte 1870, p. 205; Berliner Missionsberichte 1871, p. 335; H. T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, p. 595.

30. Berliner Missionsberichte 1871, p. 351; H. T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, p. 595; C.C.P. 3/130, file 24/1909: References from Public Health Committee, (N.d.).

31. Berliner Missionsberichte 1878, p. 342; H. T. Wangemann: Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika, pp. 100-101.

Skoolplaas het vinnig ontwikkel en teen 1884 is daar, behalwe die groot aantal Bantoehuisies, reeds 'n sendingkerk, -skool en -pastorie op die grond opgerig. Laasgenoemde gebou was aan Boomstraat se kant van Skoolplaas geleë, terwyl die Bantoehuisies daarvandaan in die rigting van die Apiesrivier gestrek het.³² T. M. Tromp het die uitleg van Skoolplaas só beskryf: "Dit Kaffersdorp bestaan niet uit hutten, maar kleinen leemen huisjes, door een tuintje omringd, in vier lange straten zijn opgesteld".³³ Die sendingstasie het oor die algemeen 'n indruk van netheid en presiesheid geskep.³⁴

'n Baie interessante inwoner van Skoolplaas was die kleurryke figuur, Maraba. Hy was 'n baie groot en sterk man, maar tog saggeaard. Hy en sy vrou was ook baie gasvry.³⁵ Maraba het as Bantoe-konstabel gewerk en kon Engels, Nederlands en drie of vier Bantoe-tale praat.³⁶ Tydens die anneksasietydperk het die Britse owerheid 'n spesiale salarisverhoging van £2 aan hom toegestaan na aanleiding van die gunstige indruk wat hy gemaak het en die goeie diens wat hy gelewer het.³⁷ Volgens P. K. E. Sack is die latere Bantoe-lokasie, Marabastad, na hom vernoem.³⁸

Ander vooraanstaande inwoners van Skoolplaas was die welgestelde huisgesin by wie H. T. Wangemann in 1884 op uitnodiging gaan tee drink het. Hulle ruim huisie was goed ingerig met meubels, gordyne, 'n hanglamp, 'n buffet, 'n teetafel, ens. Die vader van die gesin het eers as klerk in 'n handelsaak gewerk en kon genoeg geld bymekaar maak om sy eie florerende kleinhandelsaak te begin.

Daar bestaan uiteenlopende menings oor Skoolplaas en sy mense. Wangemann het tydens sy 1884-besoek 'n goeie indruk van Skoolplaas se inwoners gekry en het hulle goeie hoedanighede aangeprys. Volgens hom was die meerderheid van hulle reeds gedoopte lidmate of besig met katkisasie-oonderrig.³⁹ Aan die ander kant was T. M. Tromp van mening dat "terwijl deze Kaffers bijna alle goede eigenschappen van hun stamgenoten hebben verloren, hebben zij van de kwade er nog vele overgehouden."⁴⁰

Die Berlynse sendelinge het egter baie moeite gedoen om die orde, dissipline en sedelikheid op 'n hoë peil te hou. Dit is bekend dat daar teen verskeie Bantoe-gemeentelede wat oortree het, opgetree is.⁴¹ Grün-

32. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. 101.

33. T. M. Tromp: *Herinneringen uit Zuid-Afrika*, p. 84.

34. *Berliner Missionsberichte* 1871, p. 351; *Berliner Missionsberichte* 1874, p. 237; *Berliner Missionsberichte* 1875, p. 28.

35. P. K. E. Sack: 'n Persoonlike Herinnering (*Pretoriana*, no. 46, 1964, p. 31).

36. Landdroes Pretoria 34: Special Memorandum in accordance with last clause and section 6 Treasury Circular No. 14 — 1 September 1879; S.S. 450, R3521/80: R. Rutherford — Colonial Secretary, 24/8/1880; S.S. 450, R3521/80: G. Hudson — W. O. Lanyon, 25/8/1880.

37. S.S. 450, R3521/80: W. O. Lanyon — G. Hudson, 30/8/1880.

38. P. K. E. Sack: 'n Persoonlike Herinnering (*Pretoriana*, no. 46, 1964, p. 31).

39. H. T. Wangemann: *Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, pp. 100, 103-104.

40. T. M. Tromp: *Herinneringen uit Zuid-Afrika*, p. 84.

41. *Berliner Missionsberichte* 1870, pp. 37, 40; *Berliner Missionsberichte* 1875; p. 141; E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, pp. 241, 243.

berger se afkondiging van regulasies in verband met die gedrag van die inwoners van Skoolplaas in 1872, toon dat hy erns gemaak het met die handhawing van dissipline. Die regulasies was onder andere gemik teen werkloosheid, diefstal, egbreuk, hoerery, godslastering, dronkenskap, skinder, rusies en die huisvesting van misdadigers. Grünberger het ook 'n aantal Bantoe-hulpkrigte wat hom met die toepassing van die regulasies moes help, aangestel.⁴² Volgens die sendelinge het hierdie regulasies die handhawing van dissipline, die ordelike bywoning van eredienste en ge-reelder skoolbesoek bevorder.⁴³

Die Berlynse sendelinge was verplig om ordelikheid by Skoolplaas se Bantoe-gemeenskap te handhaaf. Hulle kon dit nie bekostig om die onguns van die Blankes op die hals te haal nie. Daar was juis sommige Pretorianers wat 'n konsentrasie van Bantoes naby die dorp wou voorkom. Hulle was van mening dat dit die Bantoes se arbeidsaamheid sou benadeel en tot allerhande euwels aanleiding sou gee.⁴⁴ Skerp kritiek is veral deur J. R. Lys, lid van die Volksraad, in dié verband uitgespreek.⁴⁴

Reeds in 1871 is die voortbestaan van Skoolplaas bedreig toe die Volksraad besluit het dat die Nie-Blankes nie meer in dorpe op Blankes se erwe mag versamel of woon as hulle nie by hierdie Blankes in diens was nie. Die onderskeie landdroste het opdrag gekry om dié besluit streng uit te voer.⁴⁶ Sendeling Grünberger was van mening dat indien hierdie besluit op Skoolplaas van toepassing sou wees, baie Bantoes van Pretoria sou wegtrek.⁴⁷ Aangesien heelwat Blankes van Pretoria ook hierdie maat-reël teengestaan het, het landdros Skinner die Volksraadsbesluit omseil deur 'n ander interpretasie daaraan te heg. Hy het Grünberger slegs versoek om nie nuwe Bantoes op Skoolplaas toe te laat nie.⁴⁸

Ten spyte van die teenkanting het die getal Bantoes op Skoolplaas vinnig toegeneem. Teen die middel van 1875 was daar reeds 15 gesinne⁴⁹ wat tot 52 mans, 44 vroue en 131 kinders in 1875⁵⁰ en tot 64 mans, 68

42. Berliner Missionsberichte 1873, pp. 340-341; H. T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV*, pp. 599-600.

43. Berliner Missionsberichte 1873, p. 210.

44. Berliner Missionsberichte 1871, pp. 354-355; S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: *Commissie voor Kafferzaken*, verklaring van W. Skinner, pp. 323-326; Volksraadsbesluit 25/9/1871, artikel 104 (Staats Courant 399).

45. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: *Commissie voor Kafferzaken*, verklaring van R. Lys, pp. 322, 326; Volksraadsbesluit 25/9/1871, artikel 104 (Staats Courant 399); *De Volkstem*, 31/10/1874 (verslag van die Volksraadsitting, 21/10/1874).

46. Volksraadsbesluit 25/9/1871, artikel 104 (Staats Courant 399).

47. Berliner Missionsberichte 1872, p. 196; Berliner Missionsberichte 1873, pp. 337-338; H. T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV*, pp. 597-598.

48. Landdros Pretoria 32: W. Skinner—*Staatsekretaris*, 12/12/1871; Landdros Pretoria 3: J. C. Preller—*Landdros Pretoria*, 21/12/1871; Berliner Missionsberichte 1873, p. 338; H. T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV*, p. 598.

49. Berliner Missionsberichte 1871, p. 351.

50. Landdros Pretoria 3: H. Stiemens — *Landdros Pretoria*, 18/5/1875; S.S. 188, R1070/75: W. Skinner — *Staatsekretaris*, 18/5/1875.

vroue en 230 kinders in 1884 aangegroei het.⁵¹ Die Bantoes wat na Pretoria getrek het, het 'n groot etniese verskeidenheid ingesluit⁵² en daar kan aanvaar word dat daar ook 'n verskeidenheid van Bantoestamme op Skoolplaas verteenwoordig was. Bantoes uit bykans elke stam in die omgewing,⁵³ asook uit verder afgeleë gedeeltes van die Transvaal⁵⁴ en selfs Zoeloes⁵⁵ en Bantoes uit Zoutpansberg en Delgoabaai⁵⁶ is in Pretoria aangetref.

Die ontstaan van Pretoria se eerste Bantoewoonbuurt het nie tot algehele residensiële segregasie gelei nie. Baie Bantoes het op die Blankes se dorpsperwe bly woon.⁵⁷ Ten minste in twee gevalle in 1879 en 1880 was daar selfs so 'n groot samedromming van Bantoes op Blankes se erwe, dat die owerheid daarteen moes optree.⁵⁸ Sommige Bantoes het ook op die grond van die Botaniese tuin in Pretoria gewoon.⁵⁹ Hierdie toedrag van sake kan in groot mate toegeskryf word aan die teenkating van sommige Blanke Pretorianers teen 'n aparte Bantoewoonbuurt en aan die feit dat baie van die Blankes nie bereid was om saans sonder die arbeid van hulle Bantoebediendes klaar te kom nie.⁶⁰ Die sendelinge het aan die ander kant deur hulle streng keuring van nuwe intrekke by Skoolplaas, die vrylike vloei van Bantoes daaraan verhinder.⁶¹

51. S.N. 129, S.R. 305/84: Cencus Naturellen Distrik Pretoria ingeleverd 7 Junie 1884.
52. Berliner Missionsberichte 1880, p. 148.
53. S.S. 8615, B.B. 1769/66: H. v.d. Linden — T. Erasmus, 28/9/1866; Landdros Pretoria 32: W. Skinner — A. Maubane, 12/1/1872; Landdros Pretoria 34: R. Lys — Zwartzooi, 8/7/1879; Landdros Pretoria 34: R. Lys — Salampa, 8/7/1879; Landdros Pretoria 34: R. Lys — Sjambok, 13/1/1880; Landdros Pretoria 35: R. Rutherfoord — Maluk, 9/4/1880.
54. Berliner Missionsberichte 1867, pp. 62-63, 168; Berliner Missionsberichte 1869, p. 115; Berliner Missionsberichte 1870, p. 34; Berliner Missionsberichte 1878, p. 343; Berliner Missionsberichte 1880, p. 148; Landdros Pretoria 3: C. F. Ziervogel — Landdros, 1/11/1876; S. Hofmeyr: Twintig Jaren in Zoutpansberg, p. 152.
55. De Volkstem, 13/6/1877 (Zulu Politie); Berliner Missionsberichte 1867, p. 63.
56. S.N. IA: R. Lys — Colonial Secretary, 26/4/1879.
57. Landdros Pretoria 3: N. Swart — Landdros Pretoria, 27/4/1874; H. T. Wangemann: Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika, p. 101.
58. Landdros Pretoria 34: H. Bergsma — Veldkornet van Pretoria, 3/9/1879; Landdros Pretoria 34: R. Lys — Pearson, 19/2/1880.
59. S.N. IA, 124/79: N. Baikie — S.N.A., 21/6/1879.
60. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Commissie voor Kafferzaken, verklarings van R. Lys en W. Skinner, pp. 322-326; Berliner Missionsberichte 1871, pp. 354-355; Volksraadsbesluit 25/9/1871, artikel 104 (Staats Courant 399).
61. Berliner Missionsberichte 1871, p. 354.